

Die Nasionale Afrikaanse Teater-inisiatief (NATi) nooi vervaardigers, regisseurs en teatermakers uit om hul voorstelle vir produksies vir 2018 vir oorweging te stuur.

Die volgende kriteria is riglyne om die geskiktheid van produksies te bepaal. NATi erken wel die kreatiewe aard van die teaterbedryf; produksies wat nie aan die kriteria voldoen nie, maar wel meriete het, kan ook oorweeg word.

- Kan hierdie produksie na al die feeste gaan? (Maw sal dit aanklank by verskeie gehore en markte vind?)
- Is hierdie werk vars, nuut en relevant?
- Spreek hierdie produksie tot 'n Suid-Afrikaanse problematiek of uitdaging op 'n nuwe manier?
- Doen hierdie produksie iets om 'n genre of ou tema of klassieke teks op 'n subversiewe wyse aan te bied sodat dit opwindend of uitdagend van aard is?
- Sal hierdie produksie bydra tot gehoorontwikkeling deur nuwe, jonger gehore na die teater te lok?
- Sal hierdie produksie dalk ook kommersiële sukses behaal?
- Is dit 'n nuutgeskrewe teks / produksie?
- Sal dit bydra tot die uitbou van 'n diverse gehoor?
- Verteenwoordig hierdie produksie 'n nuwe en/of gemarginaliseerde stem in die Afrikaanse teater?
- Is dit 'n Afrikaanse produksie en indien nie, kan dit verwerk word tot 'n produksie waarin Afrikaans ook prominent saam met ander tale sal gebruik word, verkieslik ander Suid-Afrikaanse tale?
- Sal gehoorlede ander moontlike teatergangers aanmoedig om na die produksie te gaan kyk?



nati

NASIONALE AFRIKAANSE
TEATER-INISIATIEF

Produksies wat geskik is vir skoolteater kan ook ingestuur word.

Let asseblief daarop dat hierdie proses nie die normale aansoekprosesse van feeste vervang nie. Daar moet steeds apart aansoek gedoen word via die feeste se normale strukture.

Indien 'n inskrywing gekeur word, maar 'n volledige teks nie by die aanvanklike inskrywing ingesluit is nie, sal vervaardigers die geleentheid kry om voor 1 September 'n volledige teks in te stuur. Indien die inskrywing staatmaak op musiek, moet die aanvanklike inskrywing vergesel word van minstens twee voorbeelde van die musiek. Indien die produksie aanvanklik gekeur word moet ten minste 60% van die musiek voor 1 September ingedien word. Inskrywings wat nie hieraan kan voldoen nie, sal gediskwalifiseer word.

Die siklus van stukke wat uiteindelik gekies word en die onderskeie vervaardigersverantwoordelikhede sal in samewerking met die vervaardiger, geselskappe en die feeste bepaal word met NATi wat as die Uitvoerende Vervaardiger sal optree.

Aansoeke moet vergesel word met die volgende:

- volledige teks of konsepvoorstel indien die teks nog nie voltooi is nie
- minstens twee voorbeelde van die musiek (indien die produksie op musiek staatmaak)
- 'n volledig voltooide vorm (sien bladsy 3) en begroting.

Aansoeke sal anoniem beoordeel word deur 'n paneel waarna die gekeurde aansoeke verwys sal word na 'n verdere paneel vir beoordeling. Geselskappe of produksiehuise sal genooi word om 'n voorlegging van die produksie aan die paneel te doen waarna die topproduksies gekies sal word vir befondsing en verdere ontwikkeling. Die feeste wat deel uitmaak van die Feesteforum (Innibos, Suidoosterfees, KKNK, Aardklop, Vrystaat Kunstefees en die Woordfees) sal deel wees van die finale paneel. Die aantal produksies wat gekies word vir verdere ontwikkeling en speelvakke by die feeste, sal bepaal word deur die begrotings van die individuele produksies en die kwaliteit van die aansoeke. NATi behou die reg voor om geen produksies te kies nie.

nati

NASIONALE AFRIKAANSE
TEATER-INISIATIEF

Naam en Van

Naam van Produksiehuis

Kontakbesonderhede (foon / selfoon / e-pos)

Genre

(kinderteater / jeugteater / komedie / drama / kabaret / musiekproduksie / versdrama / ander)

Beskrywing van produksie / konsep (gebruik soveel woorde as nodig)

Teks aangeheg ja nee

Musiek ingesluit ja nee

Sluitingsdatum: 31 Junie 2017

Voltooide aansoeke: produksies@nati.org.za

Navrae: Cornelia Faasen • produksies@nati.org.za • 071 680 8846

www.nati.org.za

nati

NASIONALE AFRIKAANSE
TEATER-INISIATIEF